SAKE 24 (Beeld)
05 Dec 2012, p.21



'n Kunstenaarsvoorstelling van die nuwe Sandton Twin Towers-kantoorkompleks. Foto: VERSKAF

KANTORE

'Goue oue' in Sandton opgeknap

Die Sandton Twin Towers-kantoorkompleks, wat byna 30 jaar oud is, gaan teen R450 miljoen opgeknap word.

Liberty besit 75% en Pareto 25% van dié eiendom, wat deel is van die groter Sandton City-kompleks, insluitende die konferensiesentrum, die Sandton City-winkelsentrum, Nelson Mandela Square, die Sandton Sun en die InterContinental Sandton Towers.

Giles Pendleton, besturende direkteur: ontwikkeling van Liberty Properties, sê die tyd is ryp om die "deftige ou dame" 'n kontemporêre voorkoms te gee. Dié kantoorkompleks het in 1983 sy deure geopen. Die oogmerk is om die eerste vierster-groengegradeerde kantoorgebou in die Liberty-portefeulje te skep, sê hy.

Die sigbaarste verbetering gaan die fasade wees. 'n Glasatrium sal die twee strukture verbind. Die nuwe voorportaal gaan 'n "lewende muur" insluit.

Pendleton sê die teikenhuurders is die boonste punt van die korporatiewe mark. Daar is ook op 'n hervestigingprogram met verskeie bestaande huurders ooreengekom.

Marius Muller, uitvoerende hoof van Pareto, sê die belegging strook met albei maatskappye se strategie om te verseker dat hul eiendomme in stand gehou word en relevant bly in hul omgewing.

Dié kompleks gaan herdoop word na Atrium on 5th. Bouwerk gaan volgende jaar begin en na verwagting laat in 2014 voltooi word.– **Elma Kloppers**